

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 221
(Geen datum)

God laat sy kind nooit vaar nie

* * * * *

"Die raad van die Here bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag."

(Psalm 33:12)

Die Here hou oor ons wag

- Voel jy ook soms verlore en eensaam in 'n korrupte wêreld? Te midde van al die leuens en bedrog lyk dit soms asof 'n mens nie meer 'n kans het in hierdie wêreld nie.
- Sou God ook hierin vir jou tot hulp kan wees?

Ja, sê die Psalmdigter van Psalm 12. In vers 8 staan geskryf: "U, Here, hou oor ons wag. U sal ons vir altyd teen sulke mense beskerm."

- Waar kom hierdie korrupte wêreld vandaan?

In die Paradys het Satan die mens met die leuen verlei en van God afvallig gemaak. Die mens het ook die leuen van Satan bo die waarheid van God gestel. Satan word sodoende ook die owerste van hierdie wêreld genoem.

- Sou God alles net so toelaat?

Nee, teenoor die leuen van Satan stuur God Sy eniggebore Seun, Jesus Christus, na hierdie wêreld. Hy is die waarheid en Hy bring die waarheid sodat dit oor die leuen kan triomfeer. Dawid, die Psalmdigter van Psalm 12, kon reeds in die Ou Testament getroos word met die volle konsekwensie van die belofte van die komende Messias, Jesus Christus.

- Wat is nou die huidige gevolge?

Eerstens dat die stryd wat daar in hierdie wêreld tussen die Koninkryk van God en die koninkryk van Satan woed, 'n stryd is tussen die waarheid en die leuen.

Tweedens is jy en alle ander mense midde in hierdie stryd. Of jy is 'n instrument in die hand van Satan, of jy is sy teiken. As teiken sal jy jou in 'n samelewing bevind waar bedrieëry, vleiery, selfvoldaanheid en hardvogtigheid van die mense feitlik die oorhand gekry het. Jy sal vind dat die stryd rondom jou ook soms baie heftig word.

- * Hoe hou die Here dan oor ons wag?

In en deur Jesus Christus hou die Here oor ons die wag. Dit wat met Jesus gebeur het, openbaar duidelik aan ons hoe vals die hele menslike samelewing in sy diepste wese is.

- Golgota, die plek waar Jesus gekruisig is, het bewys hoe korrup die wêreld is. Deur bedrog is hy, die Onskuldige, skuldig verklaar en gekruisig.
- Golgota het terselfdertyd ook bewys dat God juis ingryp wanneer die boosheid skynbaar die algehele oorhand gekry het; Jesus het op die derde dag opgestaan uit die dood as die groot en algehele oorwinnaar oor die leuen. Sy beloftewoord aan ons is ten volle betroubaar. Hy kom ook weer om met sy eindoordeel finaal 'n einde aan die leuen en alle valsheid te maak.
- Golgota is bowenal ook die plek van ons verlossing. Daar het Jesus Christus ook ons valsheid op Hom geneem en met sy dood daarvoor by God betaal.

Die Heilige Gees hou nou ook oor ons hart die wag. Met die lig van die Woord word ons eie valsheid ontbloot, maar Hy laat ook 'n nuwe mens in ons gebore word wat al sy vertrou in die Here stel.

Ds. Sarel Cilliers.

Die Here gee die oorwinning

Die hele lewe is deesdae op kompetisie gerig.

Die wenmotief is die vernaamste prioriteit! Kinders op skool, die sportveld, en besigheidswêreld is almal besig met een doel voor oë en dit is om te wen.

Geagte Vriend en Vriendin, ek gaan 'n stelling maak en moenie skrik vir hierdie uitspraak nie. Dit mag aanvanklik vreemd klink, maar luister mooi en kyk saam met my of hierdie stelling nie tog waar is nie:

MET GOD IS JY 'N WENNER!

Ja, dit klink vreemd, maar tog so waar!

Elke oorwinning op die ganse aarde is volgens die wil van God. Die atleet - hy kry sy krag en talente van God. Die kind wat akademies presteer – kry ook sy talente van God.

Oorwinning is net moontlik as God dit vir jou gee. Maar elkeen van ons kan 'n wenner wees.

••• Elkeen?

••• Ja, elkeen, of jy aan sport deelneem of nie, of jy 'n sakeman is of nie. 'n Gelowige is 'n wenner. 'n Gelowige het die oorwinning ontvang.

Jy sal nou vra oor watter opponent het die gelowige dan nou juis die oorwinning behaal?

'n Gelowige is 'n wenner in vele opsigte. Die gelowige het en is steeds besig om op baie vlakke te wen.

Die drie belangrikste oorwinnings van 'n gelowige is:

- **Oor die sonde** — Toe Jesus Christus die grootste prys aan die kruis betaal het, het Hy die sonde én die Satan oorwin. Daardie oorwinning skenk Hy vir jou en my. Ons kan nou oor die sonde heers, ons is die sonde se baas, ons het in Jesus 'n oorwinning oor die sonde behaal. Alles is moontlik deur die krag van die Heilige Gees.
- **Oor die wêreld** — Die wêreld met al sy sondigheid en bose nature. Ook hier ontvang ons die krag deur die Heilige Gees om te oorwin. Die wêreld mag nie oor die gelowige triomfeer nie, maar juis die gelowige is hier ook 'n wenner. Ons is geroep om te heers. Dit is God se opdrag al in Gen. 2:15.
- **Oor jouself** — Ja, ook oor jou eie liggaam is daar 'n stryd om te oorwin. Die sondige mens en sy verdorwe natuur moet oorwin word. Hierin kry ons die nuwe lewe in Jesus Christus sodat ons die ou lewe kan afsterwe en daarvoor oorwin. Ons staan in Christus op tot 'n nuwe lewe.

Sien, elke gelowige is 'n **wenner**. Met God kan jy nie anders as om te wen nie.

Vir elke wenner is daar nog 'n prys.

Ons lees in Openbaring: "Aan elkeen wat oorwin, gee Ek die kroon van die lewe."

Dit maak die lewe die moeite werd. Daar is iets om voor te stry. Daar is 'n wedloop teen tyd. Daar is 'n oorwinning om te behaal.

Kom, probeer saam met ons — die oorwinning in Jesus is soet.

Onthou — met God is JY 'n **wenner!**

Ds. Leo van Schaik.

Dit is die Here wat sorg

Ps. 33 besing in magtige jubeltone die almag en die voorsienigheid van God teenoor die onmag en die nietigheid van die mens.

Deur Sy skeppingsmag en Sy genadige beskikking bepaal God alle dinge.

Deur Sy Goddelike bevel is alle dinge geskape — die hemel en die aarde en alles wat bestaan.

Deur Sy wonderbare voorsiening, onderhou en regeer Hy Sy skepping tot vandag toe, en hou Hy alles in stand. Alles wat gebeur is in Sy raadsplan ingesluit wat van die begin af reeds vasstaan — niemand kan iets daaraan verander nie.

"Die Heer se raad word nooit gekeer nie;
dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie;
bestendig duur dit vir altyd."

Die God vir wie al die bewoners van die wêreld ontsag moet hê,

- wat die bose planne van die nasies verydel,
- wat die verstand en gedagtes en dade van alle mense ken en deurgrond.

Hy het vir Hom 'n volk as eiendom uitgekies wat Hy getrou versorg en bewaar.

- 'n gemeente van gelowiges wat op Hom vertrou,
- wat Hom dien en eer en vrees,
- en wat hulle koester in Sy voorsienende nabyheid en Sy ontferming.

"Salig wie tevore
deur Hom is verkore
as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is,
dat dié Heer húl Heer is
en dié God húl God."

Dit is Hy wat vir hulle sorg.

- wat hulle lewe in stand hou,
- wat hulle onderhou en beskerm
- wat hulle siele red van die dood
- wat hulle in Sy groot barmhartigheid bystaan en ondersteun in tye van beproewing en ontbering
- wat hulle vertroos in hulle smart en hulle versterk in hulle eensaamheid
- wat hulle beskut en help en lei op hulle lewenspad.

"Maar die Heer se oë, straal met mededoë
op wie, klein van krag,
voor Hom stilverslae in hul donker dae
op sy goedheid wag."

Só openbaar die Here Hom aan elke ware gelowige — as 'n God van liefde en ontferming.

Elkeen wat op Sy mag vertrou, en Sy heilige Naam eer, leer Hom ken as 'n barmhartige Vader wat vervul is met deernis en welwillendheid oor al Sy kinders.

Die Here God, wat ewig is en almagtig, buig Hom neer in Sy groot liefde en genade tot

elkeen wat in die geloof na Hom uitreik en na Sy nabyheid smag.

Dit doen Hy in Jesus Christus wat ons in ons sondenood tegemoet gekom het,

- wat ons swakhede en mislukkings op Hom geneem, en daarvoor met Sy lewe aan die kruis betaal het.
- wat in ons plek die straf kom dra het,
- wat ons deur Sy opstanding vrygemaak het, en ons laat deel kry het aan Sy oorwinning, en ons opgewek het tot 'n nuwe lewe.

In Hom bewys God aan Sy kinders die grootheid van Sy genade. In Hom sorg God vir Sy volk in hulle diepste nood. In Hom skenk God redding en verlossing aan elkeen!

In hierdie gebroke wêreld waarin die stryd soms te swaar word, die bedreiging te groot, en die neerlae onafwendbaar lyk, kan ons onwrikbaar aan God se almag en voorsienigheid bly vashou.

- kan ons bly vertrou op Sy teenwoordigheid.
- en kan ons weet: By Hom is ons veilig vir tyd en ewigheid. Want: "Dit is die HERE wat sorg . . ."

"In God, dié God wat ons beveilig voel nou ons hart opnuut verblyd; en op Sy Naam, ontsaglik heilig, vertrou ons tot in ewigheid."

Ds. Pieter van der Walt.

"Die Here help die opregtes"

Dis heerlik om iemand wat in nood is te help — maar nóg heerliker is dit om, as jy in nood is, deur iemand gehelp te word . . . ja, veral as dit iemand is wat jou innig liefhet.

En elkeen van ons het al een of ander tyd in 'n mindere of meerdere mate hulp nodig gehad. Natuurlik, dit kan tóg nie anders nie . . .

- jou kragte skiet ver te kort
- jy's 'n sondige wese
- Jy's beperk in jou vermoë
- nietig en swak!

Dan het jy hulp nodig . . .

- by die dokter as jy siek is
- by die tandarts vir jou tande
- by die prokureur as jy 'n kontrak sluit
- by die bankbestuurder ... die winkelier . .

En ja, . . . ook by die Here en Sy kerk — al is dit dalk net om getroud te kom of begrawe te word?

Geliefde Leser, en nou sê Psalm 7 vir ons:

"DIE HERE HELP DIE OPREGTES"

Ja, God help . . . Hy wil
en Hy kan
en Hy sal help! . . .

So volkome, dat as jy selfs sidder vir die dood, Hy volkome uitkoms gee!

Dit is die punt: Dat elke mens hulp nodig het . . . gehelp moet word.

Soveel te meer gaan soek jy gou hulp as jy valslik aangekla word. Dit is presies wat met Dawid in Psalm 7 gebeur. Sy vyande en teëstanders het hom valslik aangekla by die tempelowerhede. En nou is sy lewe in gevaar (vs 3). Hulle wil op hom wraak neem en hom doodmaak. En toe gaan Dawid hulp soek EN vind dit by die Here!

Dan breek hy in hierdie Psalm uit in lofprysing:

Die Here help die opregtes . . . "Hy is my beskermmer" En hoe help God? Die woordjie wat hier gebruik word wil sê:

- * God oefen 'n reg uit op hierdie aarde
- * Hy gryp in
- * Hy tree tussenbeide
- * Hy help, beskerm en red
- * Hy trek soos 'n regsman op teen die skuldiges en straf hulle dadelik met die swaard (vs 13)

Hoe, sou ons dalk kon vra: Hoé help God?

Net op een manier: Hy help ons in Jesus Christus! Valslik word ook Jesus beskuldig as 'n Godloënaar . . . lasteraar . . . moordenaar . . . wetsoortreder! En op grond van **valse** aanklagte word Hy ter dood veroordeel — nie Dawid van Psalm 7 nie, maar Christus;

Dawid word gehelp, maar Christus nie . . .

* al bid Hy in Getsemané dat Sy sweet soos bloed word

* al smEEK Hy: "My God, My God waarom . . .?"

Nee . . . Christus sterf, sodat jy, my Vriend, vrygespreek is! Ook jou aanklaers staan nou beskaamd, want . .

* "as God vir ons is, wie kan dan teen ons wees?"

Daarom verdelg God met Sy swaard — die swaard van die Gees.

Sy en jou en my teëstanders

Hy skenk hulp en leiding tot oorwinning!

Juis daarom bied die Here, Sy Kerk en Sy Woord aan ons 'n nuwe fokuspunt.

Ons leef nou nie meer in vrees of in 'n gevaar van vervolging, valse beskuldigings of in 'n gevoel van verontregting nie. Nie voor GOD nie!

N00IT! As Christen . . . as kind van God . . . as gehelpde en geredde mens, leef ek met sekerheid, dankbaarheid en blydskap, want ek weet — dit sê die Bybel vir my:

"DIE HERE HELP DIE OPREGTES"

Daarom jubel Dawid dit uit in Psalm 7:18:

"Ek wil (nou) die Here prys . . .

Die naam van die Allerhoogste wil ek besing".

Kom ons doen dit ook . . . elke dag van ons lewe.

Ds. Nico Ligthelm.

Die Here help die hulpelose

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." (*Matt 11:28*)

Daar is een saak wat in die Bybel baie prominent na vore kom, en dit is dat die Here die mense help wat hulpeloos is en in nood verkeer.

GEVOLG VAN DIE SONDE

Vroeër of later, vir 'n korter of langer tydperk, beleef elke mens in hierdie lewe een of ander vorm van moedeloosheid en hulpeloosheid. En dit is juis so omdat ons almal sondaars is. Die sonde vreet diep in ons lewens in.

Jy kan die gevolg van die sonde op 'n breë front van 'n mens se lewe sien. Tydens Christus se lewe hier op aarde het Hy juis die gevolge kom verlig:

- Hy het blindes laat sien
- dowes laat hoor,
- siekes gesond gemaak,
- dooies opgewek.

Die nood waarin mense verkeer as gevolg van die sonde, het nie vir Jesus koud gelaat nie. Hy voel jammer vir mense wat hulp nodig het, en Hy help hulle dan ook daadwerklik. Selfs toe die menigte honger gehad het, het Hy hulle almal gevoed.

GAAN NA HOM TOE

Die grootste ellende waarin elke mens kan verkeer (en ongelukkig besef mense dit nie aldag nie) is dat hy vasgevang is in die greep van die sonde.

Maar nou is God só goed vir ons dat Hy ons uitnoui om met al ons probleme na Hom toe te kom. Ons is almal hulpeloos teen die mag van die satan, maar juis daar wil die Here ons help. Christus het Homself sterker as die satan bewys, deur die dood te oorwin.

Dit wat ons moet doen, is om na Hom toe te gaan en Hom te vra om jou te help. En die wonderlikste is: Hy **wil** jou graag help.

"Hy kan en wil en sal in nood selfs as jy sidder vir die dood, volkome uitkoms gewe." (*Ps. 68:9*)

'n Mens se hulpeloosheid kan verskillende vorme aanneem:

- * Jy kan in 'n situasie wysheid kortkom.
 - Bid God om wysheid, en Hy sal dit aan jou gee sonder om jou te verwyf (Jak 1)
- * Jy kan in 'n vlag van moedeloosheid verval en nie meer her- of derwaarts weet nie.
 - Vra vir die Here om vir jou nuwe moed en krag te gee en Hy sal dit doen — op Sy tyd en op Sy manier.
 - Jes 40:29 tot 31: "Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk die wat nie meer kan nie. Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, **maar die wat op die Here vertrou kry nuwe krag.**"
- * Is jy in die war en ontredder na jou man of vrou of kind se dood?
 - Gaan na die Here toe met al jou probleme. Hy ken jou beter as wat jy jouself ken. Hy sal jou hand vat en jou met Sy sterk arms oor ruwe rotse dra.

- God's Weg kan nooit só donker wees, dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie." (Ps 73:1)
- * Is jy dalk bang vir die dood?
 - Onthou: Christus is sterker as die dood. Hy het die dood oorwin. Hy weet wat jou moontlikhede is. Hy sal nooit iets op jou pad laat kom wat vir jou te swaar is om te dra nie.
 - "En as ek in die doodsval diep en donker, van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan — dan nog ken ek geen doodsrees of verskrikking, omdat U staf my troos is en verkwikking." (Ps. 23:2)

Moet nooit vergeet nie:

Die Here help die hulpelose!

Hy heel gebroekenes van hart en Hy vertrou hul in hul smart.

Ds. A.H. Grové.